

**Laat die oordeel in die hand van die Here**

**D**aar is één wêreld waarin ons leef. Alle mense, hoe uiteenlopend hulle ook al is, leef op één aarde. Daar is 'n Kain en 'n Abel. Daar is 'n Hamman en 'n Mordegai. Daar is 'n Herodus en daar is 'n Maria. Hulle deel dieselfde omgewing en leef in interaksie met mekaar. Selfs binne-in God se instrument vir die koninkryk, sy kerk, is daar nie duidelike skeidslyne nie. Judas en Petrus was dissipels van die Here. Ananias en Saffira was lidmate van dieselfde gemeente as Stefanus.

Ons sou dit dalk graag anders wou hê. Ons sou soos die arbeiders in die gelykenis somer van die begin af al die duidelike onderskeid wou hê en die onkruid uittrek. Die onkruid is immers van God se teenstander afkomstig. Tog is dit nie so eenvoudig nie. Die koninkryk van God het wel gekom, maar ons leef nog in 'n voorlopige en onvolmaakte tyd. Die Here leer hier dat daar wel 'n reiniging gaan plaasvind, maar dit sal nie nou al wees nie. Dit is ook nie ons taak hier op aarde nie. Die Seun en sy engele sal dit met die wederkoms doen. Ons moet opreg lewe en vrug dra te midde van die onkruid wat so welig tier. Ons moet mense nie veroordeel nie. Ons kan nie en, genadiglik, hoof ons ook nie. Ons kan en moet net die koningskap van Jesus in die wêreld uitleef en verkondig.

Volhard dan tot die einde toe. Laat die oordeel in die hand van die Here.

*Sing: Psalm 37:1, 2*

*Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)*